Saterdag **24 Augustus**
**Skrifgedeelte: Johannes 14:1-7**
**Fokusgedeelte: Johannes 14:2**

**’n Woonplek vir elkeen**

In elke mens se lewe speel ’n woonplek ’n baie groot rol. Dit maak nie saak of jou woonplek in ’n luukse woonbuurt of ’n alledaagse huisie langs die pad is nie. Elke mens is tog dankbaar om te kan sê: Ek bly daar. Vir hierdie huis kan ons so hard werk, so swoeg en sweet. 20 of 25 jaar lank kan ons gereeld elke maand ons swaarverdiende geld gee vir die huispaaiement. Na die tyd is jou huis afbetaal en het jy aan die instansie wat die geld geleen het, vier huise se rente betaal. Dan, na jare se stryd om af te betaal, jou tuin mooi te maak en alles net gerieflik, neem die kragte so af dat daar na ’n kleiner plekkie verskuif moet word. So dikwels kos die kleiner plekkie baie duurder as my mooi groot huis. So worstel die mense oor sy woonplek en kom nie tot rus nie, totdat alles eindig in ’n klein stukkie grond, ’n rusplekkie in die graf.

Is dit nou waar alle mense se lewe eindig? ’n Christen se lewe eindig nie so nie. Christus gee ’n heel ander perspektief op ons siening oor ’n woonplek. Hy gaan om vir ons woonplek gereed te maak in die hemel. Teenoor ons aardse woonplek wat verganklik is, is die hemelse onverganklik. Teenoor die daaglikse instandhouding op aarde is die woonplek gebou waar geen mot en roes verniel nie. Teenoor ons tralies en veiligheidshekke is die woonplek gebou waar geen diewe inbreek en steel nie. Teenoor ons groot skuldlas om ons huislenings af te betaal, is die woonplek klaar betaal.

Eintlik was die skuld so groot dat geen mens dit ooit sou kon afbetaal nie. Dit kon alleen betaal word met die liggaam en bloed van ons Here Jesus Christus. Ons aardse wonings, hoe klein of gerieflik dit ook al mag wees, is maar tydelike verblyf vir die kind van die Here; dit is maar ’n tentwoning. Sien u ook uit om in te trek in die hemelse woonplek, ewig by God?

*Sing: Psalm 84-1:1, 2*

*Ds. PA (Peet) Coetzee (Emeritus)*